



## **Notas tot inkomstes en uitgawes**

- i. Wees baie versigtig: die uitstaande balans op u bankstaat is nie die balans waarop u moet werk vir verbandkansellasië nie. Elke Bank bereken die bedrag soos op dag van registrasie en u moet nogsteeds u paaiment ook intussen betaal, so tel eerder 3 maande se paaimente by die bedrag wat jy as jou uitstaande balans bereken – skat eerder te veel as te min. Hier is dit baie belangrik om reeds wanneer u eiendom se bemerking begin, kennis aan die Bank te gee van u voorneme om u verband te kanselleer. U moet 90 dae kennis aan die Bank gee, anders hef hulle boete rente as deel van u verbandkansellasië. Oordrag neem  $\pm 2$  maande (60 dae), so u moet ten minste 1 maand voor u, u koopkontrak teken, reeds kennis aan die Bank gee – indien u nog nie kennis gegee het nie, doen dit onmiddelik!
- ii. Die Bank waar u die verband het, stel Paneel-Prokureurs aan om die verband soos in die Aktekantoor geregistreer, te kanselleer. Indien u verband by ABSA Bank of Standard Bank is, kan ons vir u korting op hierdie kostes beding, indien ons as die Oordragsprokureurs aangestel is. Die bedrag is 'n geskatte bedrag vir 1 verbandkansellasië. Indien meer as 1 verband gekanselleer moet word, sal die bedrag verhoog.
- iii. U moet as deel van oordrag  $\pm 4$  maande se gemiddelde Munisipale rekening vooruitbetaal. Hierdie is betaalbaar aan die Aktebesorger wanneer u, u oordragsdokumente gaan onderteken,  $\pm 1$  week nadat u Koper se verband goedgekeur is ( $\pm 3$  weke nadat u, u Koper se aanbod om te koop aanvaar het). Begroot hiervoor sodat u nie bv. op kort kennisgewing bv. R8 000.00 aan die Prokureur moet betaal nie. Neem die gemiddeld van u laaste 4 Munisipale rekeninge en maal dit met 4. Begroot vir hierdie bedrag as die moontlike betaling aan die Oordragsprokureur.
- iv. Maak baie seker dat die kommissie persentasie in die koopkontrak ooreenstem met wat ooreengekom is in die skriftelike mandaat om te verkoop. Moet nie aanneem dat die mandaat die finale ooreenkoms is nie.
- v. Bel en maak voor aanstelling seker wie kan vir u die beste kostes gee. Neem hierdie onder u beheer – ongemaklik, maar kan geld spaar!
- vi. Wanneer u die herstel kwotasies ontvang het, vra aan die kontrakteur of u korting vir 'n kontant betaling kan ontvang (as u kontantvloei dit toelaat). Die norm is om die kostes deur te gee aan die Oordragsprokureur vir betaling op dag van registrasie - dit kan dalk 'n maand na herstel wees. Dalk is hulle bereid om korting toe te staan vir 'n onmiddelike betaling. Mens kan net vra.
- vii. Die goeie nuus van hierdie aftrekking is dat u Oordragsprokureur vir u, u terugbetaling van enige krediete by die Munisipaliteit kan hanteer. Met oordrag sal u dus 'n dokument teken wat sal bevestig dat u opdrag gee dat u krediet in die Oordragsprokureur se Trustrekening inbetaal moet word. Die Prokureur betaal dan elektronies die bedrag aan u oor – geen lange rye by die Munisipaliteit nie.